’n Eerstelingoffer aan die Here

Teks: Genesis 4: 1 - 15
Teksvers: Genesis 4: 3 & 4

1. Inleiding

Ons begin hierdie eerste preek van 2024 met ’n fokus op die begin van geloof of dan veral geloofsbeoefening. En hier in die 4de hoofstuk van Genesis kom offergawe eerste aan die beurt. Offer kom voor aanbidding en lofprysing wat eers in vers 26 van Genesis 4 aan die beurt kom. In ons teksverse sien ons ’n duidelike fokus op offer. Kom ons verduidelik bietjie verder.

Waar ons in hoofstuk 3 met ongehoorsaamheid te doen gehad het, fokus die skrif nou op offer. En hierdie offer is baie fisies materialisties. Dit is die graan opbrengs van Kain en die kudde van Abel. Sien, na die Here se oordeel in Genesis 3:18: “[18]die aarde sal vir jou dorings en dissels laat uitspruit, en jy sal veldplante eet” is daar ’n dankbaarheid wat deur die Gees in ’n mens gewerk word. Dankbaarheid dat daar meer as dorings en dissels op ’n spesifieke oomblik is. Dankbaarheid dat hy nie veldplante hoef te eet nie, maar iets beter.

Om hierdie dankbaarheid te bewys bring die mens ’n offer. En nou is dit nie te vergesog om die mate van dankbaarheid te meet aan die manier en kwaliteit van die offer wat gebring word nie. Die offers wat Kain en Abel bring verskil, en ook uiteindelik die nagevolge daarvan. Kom ons bestudeer ook hierdie offergawes van Kain en Abel vandag uit ’n nuwe testamentiese oogpunt. Maar dan ook veral uit ’n voornemens oogpunt. Want dit is mos nou die tyd vir nuwejaars voornemens.

Kom ons kyk wat beteken en simboliseer hierdie offergawes, maar spesifiek ook die eerstelingsoffer.

2. Die eersteling met die gewone offer

Ons fokus eerstens op die eersteling self. Kain die eersgebore van Adam en Eva. In kinders en veral die eersgebore seun, is alreeds seën van die Here opgesluit. Die belofte uit Genesis 3 aan Eva is immers: “Haar nageslag sal jou kop vermorsel”. Maar in die geskiedenis waarop ons vandag fokus is hierdie eersgebore geen geloofsheld nie. Inteendeel sy geloofshandelinge is soos koud soos die betekenis van sy naam wat in verband gebring word met yster wat gesmee is. Maar wat bedoel ons:

Kain besef hy moet ’n offer bring oor die seën van die opbrengs van die land wat hy ontvang het. Maar hierdie besef is uiteindelik iets meer van ’n nagedagte. Miskien as daar nog iets oor is van die opbrengs kan dit mos geoffer word aan die Here. Indien daar genoeg is dat daar ’n oorblyfsel is, kan die Here dit maar kry. ’n Mens kry die gevoel van Maleagi 1:13 hier “Dit is wat die Here die almagtige sê. Julle bring gesteelde, lam, siek diere, julle bing dit as offers! Moet Ek ingenome wees daarmee dat julle vir My sulke goed bring? vra die Here.”

Miskien is dit juis hier waar die skakel met vandag teëkom. Die ongemaklike vraag is hoe benader ek Godsdiensbeoefening vandag. Wanneer ek klaar aan al die ander dinge in my lewe aandag gegee het, is dit dan die Here en die kerk se beurt? Of is dit wat ek aan die Here wei in elk geval van min of geen waarde nie? Is maar bloot oor kulturele of tradisie oortuiging nog deel van die gemeenskap van gelowiges? Besef ek genadiglik nog deur die werking van die Heilige Gees dat ek een of ander erkenning aan die Here moet gee in my lewe? Maar ek doen nie enige moeite uit te vind presies hoe en wat ek moet doen nie.

Kain is die eersteling maar sy offer is allesbehalwe gepas vir ’n eersteling en in vers 5 sien ons dat die Here nie Kain se offer aanvaar nie. God laat nie met Hom spot nie.

3. Hy moet meer word, maar ek minder

Dan kom ons by die tweede seun, Abel. Die naam wat betekenisloosheid leegheid, nuttelоosheid, nuttelоosheid beteken. Die eerste persoon wat vermoor word en eintlik ’n kort lewe het. Maar wat hierdie betekenislose persoon doen is belangrik. Abel bring ook soos sy broer offers aan die Here. Maar daar is ’n groot verskil in die metode en inhoud van hierdie offers.

Die offers wat Abel bring is wat ons noem eerstelingsoffers. En dit is presies soos dit klink. Die eersgebore van die vee uit sy kudde. Maar nie sommer die eerstegebore van die vee wat in elkgeval sou vrek van siekte of iets anders nie. Nee die eersgebore wat oor baie vet beskik, wat gesond is. Die eersgebore wat ons vandag sou beskryf as die draer van die goeie gene-peol. Hierdie offer van Abel het ’n prys, ’n baie hoë prys. Maar kom ons neem ‘n tree terug.

God die almagtige Vader en skepper van die heelal is nie afhanklik van ons offergawes of enige iets wat ons kan doen of bring nie. Nee, Hy is en bly die skepper en onderhouer van die heelal. En daarom is ons opofferings in die geloof nie ter versorging van die Here nie. Nee, veral uit die Nuwe Testament gesien is ons opofferings in die geloof ‘n dankbaarheidsgebaar. Maar hoe dankbaar is ons gemeet aan opoffers wat ons bereid is om in die geloof te maak?

Maar hierdie pad van eerste en beste aan die Here offer het ook ’n opebaring tot gevolg. En dit is ’n openbaring aan myself en die gemeenskap rondom my. Wanneer ek voortdurend die beste wat ek het aan iets of iemand wei, word ek stelselmatig kleiner en daardie iets of iemand groter. Ek word minder en Hy word meer, die bekende woorde waarmee Johannes die Doper na Jesus verwys in Johannes 3:30.

Die vraag is of dit nog is hoe ons geloof sien? Dat geloofsbeoefening beteken dat die Here meer word en ek minder, in my prioriteit, optrede en hulpbronbesteding?

4. Die eersteling offer aan ons

Die een fout wat ons egter nooit oor offergawes moet maak nie, is die volgende. My offergawe is nie ’n manier om met respek gesê God te manipuleer nie. Wanneer ek my offergawe of trouenes enige geloofshandeling sien as ’n middel waarmee ek vir myself voorspoed kan bewerk, is ek besig om te sondig. Dit harde werklikheid is dat geen offer wat ons self sou kan bring sal ooit genoeg kan wees vir Verlossing nie. Want alle offers wat ons bring is net te bevlek met die sonde.

Maar dan is daar ’n eerstelingsoffer. God die Vader kom gee, Sy beste. Hy gee Sy eersgebore Seun, ons Here Jesus Christus as volmaakte offer vir die sonde in ons plek. Ons word uiteindelik verlos en vrygespreek as gevolg van die offer wat God vir ons gebring en nie andersom nie. Hierdie wete vul ons net met nog groter dankbaarheid. Gelei deur die Heilige Gees word die fokus net nog meer van ons afgehaal en op God alleen geplaas.

Om in ware oorgawe tot die Here te lewe in hierdie bedeling te leef gaan nie maklik wees nie. Dit mag selfs jou lewe kos. Dit het Abel se lewe gekos. Tog bly die Here se woorde in Johannes 12:25 steeds waar vandag. :”[25]Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou”.

Dit laat ons uiteindelik met die ongemaklike vraag is ons gelei deur die Heilige Gees vandag dankbaar genoeg om werklik die eersteling offer te gee, ja selfs tot in die dood in? Is ons bereid om werklik so klein te word dat ons sterf, sodat die Here groter kan word in ons omgewing en samelewing?

5. Slot

Ons kan hierdie preek afsluit met ’n paar praktiese sake. Ons het geëindig met ’n bereidwilligheid om vir ons geloof te sterf, maar die bekende vraag of ons ook in die Fillipense 1 sin van die woord bereid is om te leef vir ons geloof. ’n Bekende moderne geloofsleier het eenkeer gesê ons hoef nie kontinente en oseane oor te steek vir die geloof nie, dikwels moet ons net oor die pad stap vir die geloof. En dit is miskien hier waar ons in die laaste klompie jare ’n skrikwekkende agteruitgang gesien het.

Ons kan hierdie agteruitgang begin beskryf as ’n gebrek aan respek vir die geloof en uiteindelik die Here. Vir iets of iemand waarvoor ’n mens respek het, is die op die einde geen moeite om moeite te doen nie. Om prakties te verduidelik, ons staan aan die begin van ’n jaar en meeste van ons is besig met jaarbeplanning. Nou is die vraag, watter plek het die kerk kalender in my jaarbeplanning. Is daar nog respek en agting vir die dinge van die Here, of moet dit eenvoudig inval en inpas by ander dinge waarvoor ek meer respek het.

Ons moet pasop om nie o die einde ’n lam of kreupel offer te bring nie. Ons moet leef met respek en prioriteit vir die dinge van die Here. Hierdie respek en prioriteit is nie iets waaroor die wêreld en mense rondom ons moet wonder nie. Dit moet duidelik waargeneem en

afgelei word uit dit wat ons dink, sê en doen elke dag.

Kom ons gaan leef hierdie jaar met een enkele doel voor oë, om die koninryk van die Here die hoogste respek en prioriteit in ons lewens te gee. Sodat ons werklik in alles die Here alleen kan eer en verheerlik. Om onsself as lewende offer aan die Here te wei is immers ons redelike Godsdiens.

Amen